Ek versoek u dus vriendelik om die geklike praktyk te staak en die volle bedrag (40 rande ingesluit) op my NedKredietrekening terug te skryf sodat ek die volle sogenaamde voordeel daaruit kan trek, of anders die volle bedrag aan my terug te betaal sodat ek dit liewers onder my bed kan bêre waar ek dit na my goeddunke kan gebruik sonder dat Nedbank dit nog verder opslurp.

Ek wil net meld dat ek hierdie skrywe ook rig aan die kommissie wat die onreelmatige hoe bankkoste in Suid-Afrika ondersoek, en ek sal dit waardeer indien u ook u verduideliking aan hulle kan stuur. Miskien sal hulle dit beter verstaan. Ter inligting, die Fax nr is 012 394 4258.

Die uwe

Dr F.C. Vercueil

Dalsigstraat 17B
Durbanville 7550
23 Mei 2006

Die Hoofbestuurder
Nedbank
Posbus 1144
Johannesburg 2000

NEDKREDIETREKENING 1553 074343

Ek haal aan uit u brosjure: Voertuig- en Batefinansiering bls 3. Neem beheer met NedKrediet. "Hierdie unieke produk stel jou in staat om jou eie rentekoers te bestuur,...- en stel jou in beheer van die bedrag wat jy elke maand betaal".

In die AFBETALINGSVERKOOPOOREENKOMSNO: 16897970001 word gemeld dat: "Indien u NEDKREDIET gekies het sal u bly wees om te verneem dat u keuse gerief en besparing sal meebring".

Ek het my hierdeur laat mislei en R5000 en later nog R5000 op NedKrediet belê. Tot my stomme verbasing merk ek toe dat daar maandeliks R40 op die rekening afgetrek word vir Instandhoudingsgelde.

Indien ek van dag een af die bedrag op NedKrediet bele het beteken dit dat die bank oor die 54 maande 54 x R40 = R2160 van my R5000 gevat het.

My paaiement het as volg verminder: Sept. 2004 na R781, dws met R8
Mei 2004 na R775, dws met R6
Okt 2005 na R756, dws met R19
Nov 2005 na R751, dws met R4
Des 2005 na R750, dws met R1
Jan 2006 na R749, dws met R1

As ek dan nou soveel rand per maand bespaar en R40 per maand daarvoor moet betaal, kan u dan asseblief aan my die volgende verduidelik:

1. Hoe ek my eie rentekoers bestuur en hoe dit vir my 'n besparing meebring?
2. Wat hou u instand met die instandhoudingsgelde? Dit is die eerste keer in my lewe dat ek hoor jy bele geld in 'n bank en dan betaal jy maandeliks daarvoor. Gewoonlik kry mens 'n bietjie rente op geld wat jy belê.

Moet my net nie probeer vertel (soos u Bankier in die takkantoor) dat dit dooie geld is nie. Ek het ongelukkig meer as twee breinselle om te glo dat 'n bank etlike miljoen rand dooie geld het wat hy nie op een of ander winsgewende manier aanwend nie.

Ek weet dat my paar randjies nie 'n blou duit aan u saakmaak nie, maar besef net dat dit nog 'n manier is om u kliënte wat dwarsdeur u finansiële krisisse lojaal en getrou bygestaan het verder te melk sodat u nog meer en groter borgskappe met hulle geld kan toestaan .